Langenhovenpark
Die GEMEENTE vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## SONDAG 12 APRIL 2026

### Eredienste

**09:00 Erediens (Doop)**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen
**Teks:** Johannes 21: 1-14 (1983 vertaling)
**Tema:** Waarop fokus jy?

**18:00 Aanddiens**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen
**Teks:** Johannes 21: 1-14 (1983 vertaling)
**Tema:** Waarop fokus jy?

### JEUG

**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges) – Gemeentesentrum – Lokaal 2**
**Aanbieder:** Sue
**Tema:** Paasfees

**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** Lisa Lombaard
**Tema:** Die evangelie van Markus

**10:00 JOG (Gr 4 – 7) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** Lisa Lombaard
**Tema:** Die evangelie van Markus

**10:15 TvC (Gr 8 – 10) - Kerkgebou**
**Aanbieder:** Pieter le Roux
**Tema:** God se verbond met Sy volk: Les 9 Die verbond met Abraham

**10:15 Belydenisklas (Gr 11) – Lokaal 1**
**Aanbieder:** Ds Leon Oosthuizen
**Tema:** Waar pas Langenhovenpark Gemeente in tussen ander Christelike kerke?

### DIE KOMENDE WEEK...

**Dinsdag 14 April**
**10:00** Aksie Olyftak - Kleinkerk
**Woensdag 15 April**
**09:00** Bybelstudie ds Leon - Kleinkerk
**18:00** Mannegroep – Lokaal 2
**Donderdag 16 April**
**14:00** Naaldwerk – Lokaal 1 & 2

### SONDAG 19 APRIL

**09:00 Erediens**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen

### JEUG

**09:00 Kleuterkerk – Lokaal 2**
**09:00 Kinderkerk – Kleinkerk**
**10:00 JOG – Kleinkerk**
**10:15 TvC – Kerkgebou**
**10:15 Belydenisklas – Lokaal 1**

**Sinodale kollekte:-** 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Fonds vir Teologiese Opleiding (Kuratorium)**

# DOOP

*Amali Erasmus*, dogter van Marnus en Hannari Erasmus.

## Lief en Leed

Marie van Zyl, Striata, is in Rosepark hospitaal.
Linie Human, AG Visser, het 'n rugoperasie ondergaan.
Cobus Rossouw, Elias Motsoaledi, is in die hospitaal

**Voorbidding vir gesondheid:-**
Christo Schoeman, Sahara.

**Verjaarsdae 80 en ouer:-**
Mary Gerber, Thalia, verjaar 15 April (80)
Con Joubert, Jan Cilliers, verjaar 15 April (86)
Comien Louw, Barend Wessels, verjaar 15 April (80)
Dirk Lourens, Belvedere, verjaar 18 April (82)

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!
Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy 'n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur 'n epos na ngklhp@mweb.co.za om 'n vorm te ontvang.

### Lidmaatskap bewyse ontvang

**Belydende lidmate:** Jacob Cloete Smit, Louisa Jacoba Wentzel (nou Smit), Jacob Christiaan Smit en Zane Louisa Smit, Cornforth Singel, Fichardpark vanaf Hospitaalpark.
Johannes Jacobus Frederick Britz, Rose-Marie Pienaar (nou Britz) en Johannes Jacobus Frederick Britz, Totius 22 vanaf Rouxville.

**SLEUTELS TOEGANG TOT DIE GEDENKTUIN**

Met die aankoop van 'n nissie in die gedenktuin het u 'n sleutel ontvang wat u nou ook toegang tot die terrein gee. Die slot is egter vervang dus moet u asseblief die sleutel by die kerkkantoor omruil vir 'n nuwe sleutel.

**Na ure kontak Anton (082 756 1619).**



**OMGEE BLOMME**

Omgee blommetjies is beskikbaar. Neem gerus een en gee vir iemand wat 'n bietjie ekstra omgee of troos nodig het.

**AKSIE OLYFTAK**

Dinsdag 14 April 10:00 Kleinkerk
Kom maak van die dienste gebruik soos bloeddrukmeting, suiker toetsing, voetsorg ens. en geniet 'n lekker koppie tee of koffie.

# KERMIS ETE

## Woensdag 6 Mei

**SPYSKAART**

**VOORGEREG**
Bees groente sop met verskeie brode

**HOOFGEREG**
Bees Lasagne
Wildspastei
Hoendergereg
Gemengde groente, Gebakte aartappels, Pampoenkoekies en Rys

**NAGEREG**
Appeltert / Roomys

**R100 – Volwassenes / Kinders 6 – 12jr R50 / o/6 Gratis (50 KAARTJIES BESKIKBAAR)**

**Daar sal 2 tye wees 17:00 & 18:30**
**NB:- by die 17:00 ete sal nie 2de porsies beskikbaar wees nie.**

**Bring jou eie tafeldoek, eetgerei, glase en drinkgoed.**

# *KERMIS 2026*

Aangesien daar geen vakansiedag in die middel van die week is nie is ons genoodsaak om hierdie jaar ons jaarlikse Kermis op 'n Vrydag te hou. Daar sal dus twee geleenthede die jaar plaasvind. Die 1ste is reeds **VRYDAG 8 Mei vanaf 17:00.** Ons moes die formaat ietwat verander, maar sover sal die volgende aangebied word: - *Pannekoek; Jaffels; Slap Chips; Heerlike koeke, terte, kleinkoekies en vele meer; genoeg Soetgoed vir die jongspan en dié met 'n soettand; Kerrie en Rys; Koffie en Koeldrank en iets vir 'n droëe keel; Allerlei handwerk en warm musse en serpe vir die winter, wat dan al op ons voorstoep is. Heerlike sop en vetkoek, ingelegde produkte, konfyt en varsgebakte brood; Potjiekos en braaivleis is ook op die spyskaart.*

*Vermaak vir die jongspan soos skattejag; poppekas; paintball en 'n springkasteel.*

**Intussen kan jy sommer vir ons laat weet waar jy graag wil help, want sonder gewillige hande kan ons niks aanbied nie. Op die Nagmaaltafel is 'n lys waarop jy kan aandui waar jy wil help.**

**HANDWERK benodig :-**

Gebreide of gehekelde kombersies en handskoene, gebreide truitjies, leerprodukte, houtlampstaanders, oorgetrekte hangers, scrunchies (vir hare), versierde haarknippies ens.

**POEDING benodig :-**

Trifle X 2; Sjokolade poeding X 1; Peppermint Crisp X 1; Kaaskoek (gebak of yskas) X 1; Sagopoeding X 2. Stuur 'n WhatsApp na die Kerkkantoor 065 964 0101 met jou naam en wat jy sal maak. **Indien jy bestanddele benodig stuur dit ook na die WhatsApp nommer.**

**MOEDERSDAG GESKENKE TE KOOP BY KERMIS**

Met Moedersdag op Sondag 10 Mei sal daar by die gebak tafel geskenkpakkies met koekies wees asook lekker koeke en terte om Ma mee te bederf.

Kyk uit vir nog geskenkies by ander tafels.

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DAAR NIE BY HIERDIE GELEENTHEID 'N WIT OLIFANTTAFEL SAL WEES NIE.**

**PRODUKTELYS :-**

Nie-bederfbare produkte kan solank by die Kerkkantoor afgelewer word.

| | | LEKKERS:- | |
|---|---|---|---|
| Appelkooskonfyt | 1 blik | • Cadbury Tumbles Raisins | 2 pakkies |
| Asyn (bruin) | 2 bottels | • Malvalekkers groot | 4 pakkie |
| Bakmargarien – Stork | 14 | • Malvalekkers klein | 4 pakke |
| Baksjokolade (Bruin) | 4kg | • Peppermint Crisp | 6 |
| Bakpoeier | 250g | • Smarties | 6 groot pakke |
| Blatjang 1.5kg | 10 bottels | Mariebeskuitjies | 18 pakkies |
| Borrie | 1kg | Orley whip | 2 botteltjies |
| Bruismeel | 10kg | Rice Krispies | 4 pakke |
| Bruinsuiker | 2kg | Rys | 10kg |
| Caramel Treat | 13 blikkies | Soutvleis (Beef) | 3 blikkies |
| Crush pynappel | 3 blikke | Sout | 1kg |
| Fruit Cocktail | 3 blikke | Strooisuiker | 2kg |
| Granadella mousse | 3 blikkies | Suiker – 1kg pakkies | 4 |
| Ideal melk | 2 blikkies | Sago | 2 pakkies |
| Jellie (arbei;pynappel & cream soda) | 8 pakkies van elk | Suiker - 1kg pakkies<br>“ | 4<br>17.5kg |
| Kakao | 1.25kg | Suurlemoensap | 1liter |
| Kerrie Matig | 1kg | Tennisbeskuitjies | 6 pakkies |
| Klapper | 3kg | Versiersuiker | 7kg |
| | | Vla (1 liter houers) | 12 |
| Koekmeel 1kg pakke<br>“ | 5 pakkies<br>35kg | **BEDERFBARE PRODUKTE:-** | |
| Kondensmelk | 36 blikkies | Appels | 2 sakkies |
| Kookolie | 2l | Bacon | 1kg |
| | | Cheddar kaas | 1kg |
| | | Eiers | 6 pakke X 30 eiers |
| | | Gemengde gevriesde groente (blokkies) | 6kg |
| | | Room (vars) 500ml | 8 |
| | | Roomkaas | 6 bakkies |

**KONTANT DONASIES KAN IN DIE KERK SE BANKREKENING INBETAAL WORD, MERK ASB. DIE BETALING “Kermis”**